Posadres: Posbus 209, Witrivier, 1240

Adres: van Riebeeckstraat 15, Witrivier, 1240

Tel: 013 750 2259

Mobile: 060 635 4706

E-pos info@witsaview.co.za

**MEMORANDUM VAN OOREENKOMS**

aangegaan tussen:

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA**

**GEMEENTE SABIE**

van

Lea Straat 2, Sabie, 1260

Posbus 209 Witrivier 1240

Hierin verteenwoordig deur die Voorsitter van die Finansiële Komitee

(hierna "die verkoper" genoem)

en

______________________________

Volle name en van

van

______________________________

Woonadres

______________________________

en posadres

(hierna "die koper" genoem)

**WAARBY DAAR SOOS VOLG OOREENGEKOM WORD:**

1. **Verkoop en koop**

   Die Verkoper verkoop hierby aan die Koper wat in koop aanneem, die reg om Nissie nommer ____________________

   (hierna "die Nissie" genoem) te gebruik vir die uitsluitlike oorskot van die Gebruiker/s hierin vermeld.

2. **Prys**

   Die koopprys van die Nissie is die bedrag van R 1000,00 (Eenduisend Rand) en is betaalbaar by ondertekening hierva

3. **Domicilium**

   Die partye kies hulle onderskeie *domicilia citandi et executandi* by die adresse aangedui in hierdie Ooreenkoms, onderworpe aan die voorwaarde dat enige party geregtig is om aan die ander party 'n adresverandering af te lewer per geregistreerde pos, en dat sodanige veranderde adres sal dien as *domicilium citandi et executandi* van die party wat sodanig kennis gegee het.

**4. Gebruiker**

**4.1.** Die Nissie word aangekoop vir die gebruik deur; ______________________________

(Volle name en van)

met identiteitsnommer ______________________________

en

______________________________

(Volle name en van)

met identiteitsnommer ______________________________

**4.2.** Indien die Koper die Gebruiker/s wil verander, sal daar deur enige belanghebbende vooraf skriftelike goedkeuring vanaf die Verkoper verkry word.

**5. Voorwaardes**

**5.1.** Indien die Nissie nie gebruik word binne 6 maande na die afsterwe van die laaste Gebruiker nie val die reg op die gebruik van die Nissie terug aan die Verkoper.

**5.2.** Indien die gebruik van die Nissie om enige rede gestaak word en ongebruik is vir meer as 3 maande, val die reg om die Nissie te gebruik terug aan die Verkoper.

**5.3.** Navraag by die Departement Binnelandse Sake sal *prima facie* bewys wees van die afsterwe van die Gebruiker/s.

**5.4.** Die Koper mag nie die reg hierin verkry vir die Gebruiker, op enige wyse vervreem, sedeer of oordra nie.

**5.5.** Die reg hierin verkry sal verval/beëindig word wanneer;

**5.5.1.** Die Verkoper sy eiendomsreg van die perseel waar die nissie geleë is, vervreem, daarvan afstand doen of dit om welke rede ook al verloor.

**5.5.2.** Die bedryf van `n muur van herinnering (waarin die Nissie is) verbied word deur enige owerheid, wetgewing of regulasie.

**5.5.3.** Die Nissie nie gebruik word binne 6 maande na die afsterwe van die laaste Gebruiker nie waarna die reg op die gebruik van die Nissie terugval aan die Verkoper.

**5.5.4.** Indien die gebruik van die Nissie om enige rede gestaak word en ongebruik is vir meer as 3 maande daarna.

**5.6.** Geen vergoeding of kompensasie of skadevergoeding sal deur die Verkoper betaalbaar wees wanneer die reg op gebruik beëindig word soos hierin vermeld nie.

**6. Ondernemings deur Verkoper**

**6.1.** Die Verkoper onderneem om sovêr moontlik en binne sy vermoë, die tuin en muur van herinnering netjies te hou.

**6.2.** Sou daar sprake wees dat die Verkoper om welke rede ook al sy eiendomsreg vervreem of die reg om `n muur van herinnering te bedryf, sou verloor, onderneem die Verkoper om die gebruiker se naasbestaandes onverwyld hiervan in kennis te stel.

**6.3.** Die Verkoper onderneem om nie sy goedkeuring vir die bewoording op die steen onredelik te weier nie.

**7. Ondernemings deur Koper**

7.1. Sou die Verkoper die gebruiker se naasbestaandes in kennis stel dat daar sprake is dat die Verkoper sy eiendomsreg wil vervreem of die Verkoper die reg om `n muur van herinnering te bedryf, verloor, sal die naasbestaandes die nodige reëlings tref om die gebruiker se oorskot te verwyder op hul eie onkostes.

7.2. Die Koper onderneem om homself/haarself onvoorwaardelik aan die Verkoper se reëls te verbind, soos van tyd tot tyd gewysig mag word.

7.3. Die Koper/Naasbestaandes is verantwoordelik om op eie koste en volgens die Verkoper se voorskrifte soos vervat in die Verkoper se reëls, soos van tyd tot tyd gewysig, die steen aan te bring.

7.4. Die bewoording van die steen moet vooraf deur die Verkoper goedgekeur word om te verseker dat bewoording wat die Verkoper onvanpas ag, te verhoed.

**8. Dispute**

Sou daar enige dispuut tussen die partye ontstaan sal die dispuut binne 30 dae nadat die dispuut verklaar is, verwys word vir arbitrasie om binne 90 dae na die verklaring van die dispuut gehoor te word. Die Voorsittende Beampte sal deur die Nederduitsch Hervormde Kerk, Ring van Middelburg, aangewys word.

GETEKEN te ______________________ op hierdie __________ dag van ____________________

20 __________

______________________
Koper

As getuies:

1. ______________________ ______________________

Naan en van Handtekening

2. ______________________ ______________________

Naan en van Handtekening

3. ______________________ ______________________

Naan en van Handtekening